

NUUSBRIEF AAN FRIESPERD LEDE

DESEMBER 2016

BAIE GELUK AAN DIE NUWE FRIESPERD RAAD VIR 2017

Le Roux Botha	President
J Moore	Vise President
Dick Swanepoel	Raadslid
Uys Steenkamp	Raadslid
Pieter Loubser (Jnr)	Raadslid
Sias Horn	Raadslid
Celeste Steyn	Raadslid

JAARVERGADERING

Tydens die Algemene Jaarvergadering in November het oom Pieter Loubser uitgetree as raadslid. Oom Pieter is al 31 jaar lid van die genootskap en is vereer as lewenslange president van die genootskap.



GRONDWETWYSINGS

Hulpstamboek A en B hingste se merrie vullens kan na keuring opgeneem word in die Basis boek

Perde wat die ouderdom van drie jaar of ouer bereik het, moet deur die Genootskap se keurders gekeur word.

S A Stamboek

CEM TOETSE

Hingste wie se semen vir KI doeleindes gebruik word, moet jaarliks getoets word. Alle ander hingste moet elke 2 jaar getoets word.

NUWE FOOIE VIR 2017

Geboortes	R60
Intreefooi	R800
Invoere	R1200 per perd
Oordragte	R70
Per Kapita	R60
Keurings	R300 per perd

KEURINGSVEREISTES

Hoogtes van perde:	Merries 155cm
	Hingste 158cm
	Hoeflengte 8.5sm

KEURINGSPROSEDURES

Indien u keuring verlang moet die volgende prosedures nagekom word:

Stel die kantoor in kennis dat u 'n keuring verlang. Die kantoor sal aan u 'n vorm stuur waarop u moet aandui watter perde u wil laat keur.

GEEN PERDE SAL GEKEUR WORD SONDER DIE VOLGENDE

Die geboorte moet reeds aangemeld wees;

Die perd moet ge-DNA wees;

Die kantoor moet die perd op logix kan opspoor.

Indien u nie seker is watter perde nog gekeur moet word nie, kontak die kantoor.

Die teler moet dan 'n vorm invul om aansoek te doen vir keuring. Die teler se rekening moet ten volle betaal wees. Die kantoor vul die nodige data op 'n keuringsverslag in en stuur dit vir die teler en die keurder. Slegs dan sal die kantoor die keurder in kennis stel van die keuring wat gedoen moet word. Die keurder sal die teler kontak om 'n datum, tyd en plek te reël.

KERSBOODSKAP VAN DIE PRESIDENT

Die jaar is amper verby en almal jaag om nog die laaste bietjie te doen voor die 25ste Desember 2016. Maar ons mag nie vergeet wat hierdie dag beteken nie. Dit is die dag waarop ons die geboorte van ons Verlosser en Heiland vier.



Ons dink aan almal wat geliefdes afgestaan het.

Ons kyk terug op 'n baie gesonde en goeie perde-jaar waarin lede hulle pragdiere kon geniet, skou en vertoon.

Mag 2017 'n suksesvolle en voorspoedige jaar wees vir almal. Mag die Here u seën.

LE ROUX BOTHA

PRESIDENT